# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 10/2023
28 Julie 2023

☎ 012 661 2341
✉ college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

> *The price of success is hard work, dedication to the job at hand, and the determination that whether we win or lose, we have applied the best of ourselves to the task at hand.*
>
> *– Vince Lombardi*

Ek wil graag begin deur al vier ons rugbyspanne met hul vertonings verlede Saterdag, tydens die Blou Bulle-finaal, geluk te wens. Wen of verloor, julle het ons almal trots gemaak en julle het beslis jul beste gegee. Sterkte aan dié vier spanne wat almal hierdie naweek weg speel. In dieselfde asem wens ons al ons meisie- en seunshokkiespanne, wat almal in die volgende twee weke in hul onderskeie Noordvaalfinale deelneem, sterkte toe.

Leerders het almal gedurende die week hul vraestelle teruggekry en hul rapporte sal op 2 Augustus aanlyn beskikbaar wees. Gebruik gerus die komende oueraand indien u enige vakonderwysers wil sien. Meer besonderhede volg later in hierdie nuusbrief. Sterkte ook aan ons matrieks wat in die pylvak van hulle hoërskoolloopbaan is. Carpe Diem, gryp veral die laaste akademiese geleenthede aan.

Op ‘n hartseer noot gaan ons medelye en gebede uit na u almal wat onlangs geliefdes aan die dood afgestaan het. In die besonder mnr Malcolm Dunkeld wie se moeder Dinsdagaand oorlede is, asook me Xandri Bothma wat haar pa aan die begin van die vakansie verloor het. Op ‘n positiewe noot is ons baie dankbaar dat mnr Rickus Viljoen terug by die skool is en vinnig aansterk na sy motorfietsongeluk aan die begin van die eksamen.

Ek glo almal is bewus van die Midstream-Smash wat binnekort afskop. Hierdie krieket T-20-toernooi waar al drie Midstreamskole betrokke is, is voorwaar ‘n geleentheid wat nie gemis moet word nie. Sterkte ook aan al ons landloopatlete, krieket- en sagtebalspanne met hul onderskeie ligas hierdie kwartaal. Kom ondersteun ook gerus op 9 Augustus die drie Midstream-skole se konsert in die Staatsteater. Sterkte met die besige kultuurkwartaal. Hou gerus hierdie spasie dop.

Mag die woorde van Vince Lombardi hierbo hierdie kwartaal waar wees vir elke Midstreamleerder. Kom ons streef na Excellentia binne en buite die klaskamer.

## UITTEKEN

Ons verwys u as ouers graag na die gedragskode. Wanneer ‘n leerder uitgeteken word, moet die volgende inligting per e-pos aan die graadhoofde gestuur word: Die naam van die leerder, datum en tyd asook die rede vir die beplande afwesigheid. Dit is ook in die belang van ons leerders se veiligheid dat hulle by die kantoor afgehaal word.

## GRAADKAMPE

U word aan die graadkampe herinner wat in die derde kwartaal plaasvind:

- Graad 8 (13 – 15 September 2023) Warthog Inn, Noordwes (R1 650)
- Graad 9 (14 – 17 September 2023) Sediba Kwele, Noordwes (R2 200)
- Graad 10 (7 – 15 September 2023) Haenertsburg, Limpopo (R3 975)
- Graad 11 (13 – 16 September 2023) Hazyview, Mpumalanga (R2 910)

# AKADEMIE

## RAPPORTE EN OUERAAND

Die tweede kwartaal se rapporte sal op 2 Augustus op die Ouerportaal beskikbaar wees. Daar is ‘n oueraand vir Dinsdag 8 Augustus van 16:00 tot 19:00 geskeduleer. E-pos asseblief die betrokke onderwysers om ‘n afspraak te maak. (Al die onderwysers se kontakbesonderhede is op die skool se webtuiste beskikbaar.)

## GEOGRAFIE-OLIMPIADE

Baie geluk aan Kynan van Zyl wat as die topleerder in Gauteng aangewys is en vyfde nasionaal geëindig het. Baie geluk ook aan Heinrich Gerber wat nasionaal 12$^{de}$ geëindig het.

## WISKUNDE-OLIMPIADE

Vyf leerders het vir die derde en finale rondte van dié nasionale olimpiade gekwalifiseer. Hulle is: MH Sahib, Ivan Kotzee, Dylan Rodi, Jean Blignaut en Abram Rautenbach.

## KWARTAALTOETSE OP 11 AUGUSTUS

Vrouedag word op Woensdag 9 Augustus gevier. Neem kennis dat daar kwartaaltoetse vir Vrydag 11 Augustus geskeduleer is, en dat leerders nie vir langnaweekdoeleindes daarvan verskoon kan word nie.

## GRAAD 9-VAKKEUSE

Ons herinner u aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand op 17 Augustus om 18:30 in die saal. Vakkeuses vir 2024 moet teen Maandag 21 Augustus elektronies ingedien wees. Vir vakinligting en die vakkeusevorm kan u op die volgende skakel klik: https://www.midstreamcollege.co.za/af/akademie/vakke/

# KULTUUR

## MC³-KONSERT

Midstream College Hoërskool, Midstream College Laerskool en Midstream Ridge Laerskool bied op 9 Augustus om 18:30 'n gesamentlike konsert in die Pretoria Staatsteater aan. Tydens hierdie spoggeleentheid gaan ongeveer 800 leerders van die drie skole aan 'n verskeidenheid kultuuraktiwiteite deelneem.

Kaartjies kan aanlyn by Webtickets bespreek word deur op die volgende skakel te klik: https://www.webtickets.co.za/v2/Event.aspx?itemid=1529460568

## ENSEMBLE

Tydens die eksamen het die Ensemble aan die Kraal Kunstefees in Centurion deelgeneem. Hulle het 'n A+ en twee A++'e vir die drie optredes ontvang. Hulle het ook aan die Wes-Kaapse virtuele Eisteddfod deelgeneem waar hulle 88% vir hul prestasie ontvang het. Baie geluk aan almal wat deel van die Ensemble is.

## MELODIA

Melodia het aan die Wes-Kaapse Virtuele Eisteddfod deelgeneem. Ons het drie stukke vir beoordeling ingeskryf en algeheel 86% vir ons optredes ontvang. Ons is baie trots op hierdie prestasie en sien uit na die res van hulle vertonings hierdie kwartaal.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za), te stuur.

Ruth Hempson was suksesvol in haar oudisie vir Mzanzi Ballet Company se *Swan Lake* wat van 17 Julie tot 20 Augustus by Monte Casino plaasvind.

Caitlin Arendse het aan die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees deelgeneem. Sy het die altviool in twee kamergroepe gespeel en ook in die feeskonsertorkes gespeel.

Baie geluk aan Lukas Combrinck wat vroeër vandeesmaand aan die Graad 8-Afrikaanse Individuele Sprekersafdeling van die Radikale Redenaarskompetisie deelgeneem het. Hy dring deur na die Gauteng-streeksfinaal wat op Saterdag 5 Augustus in Boksburg plaasvind.

# SPORT

## SPORTTOERE

Ons bedank al die personeel, ouers en leerders wat die afgelope vakansie op verskeie suksesvolle sporttoere was: landloopoefenkamp (Noordwes), o. 15A-krieket (Limpopo), eerste krieketspan (Mpumalanga), bergfiets (Limpopo), junior sagtebal (Noordwes), senior sagtebal (KZN) en gholf (Mpumalanga). Talle spanne het ook geoefen om vir die komende seisoen voor te berei.

## HOKKIE

Beide die seuns en meisies het verlede week vriendskaplike wedstryde teen Kemptonpark gespeel. Die uitslae is soos volg:

| Span | Telling |
|---|---|
| o. 14A-meisies | 3 – 1 |
| o. 14A-seuns | 4 – 0 |
| o. 15A-meisies | 3 – 1 |
| o. 16A-seuns | 3 – 1 |
| o. 16A-meisies | 3 – 2 |
| 1ste Seuns | 3 – 0 |
| 1ste Meisies | 0 – 4 |

Die o. 14A-meisiespan het teen ‘n toerspan van Engeland gespeel en 5 – 0 gewen.

## MEISIESHOKKIE

Sande Mbatsha het Gauteng-Noord A by die nasionale o. 18-toernooi verteenwoordig en is vir die Suid-Afrikaanse o. 17-oefengroep gekies. Kaylee Marais het Gauteng by die Winter Nationals Schools Sports Championships verteenwoordig.

## SEUNSHOKKIE

Die volgende spanne het gekwalifiseer om die Northern Blues in die onderskeie Noordvaal-toernooie te verteenwoordig: o. 14A (Noordvaal A), o. 16A (Noordvaal B) en 1ste(Noordvaal A).

Adrian Vosloo is as kaptein van die Gauteng-Noord se o. 16B-span aangewys, wat die silwer medalje by die nasionale toernooi verower het. Ná die toernooi is hy in die BRSI Knights-span ingesluit om in Oktober na Nederland te toer.

## RUGBY

Die Blou Bulle-semifinaal het aan die einde van die tweede kwartaal plaasgevind en ons spanne het as volg gevaar:

| Span | Opponente | Telling |
|---|---|---|
| o. 14A | Pretoria-Noord | 13 – 8 |
| o. 15A | Wonderboom | 16 – 7 |
| o. 16A | HTS John Vorster | 17 – 29 |
| 1ste | HTS John Vorster | 48 – 10 |

Beide die o. 16- en o. 19-Pretoria Privaatskole Rugbyspanne, die Rooikatte, het hul onderskeie VKB-plattelandtoernooie gewen. Midstream College was in beide spanne (12 spelers in die o. 16-span en 9 spelers in die o. 19-span) goed verteenwoordig. Louis Verhoef en Anru Cronjé was albei die 15-man-kapteine van hul onderskeie spanne en Jaedon de Leeuw die 7’s-kaptein. Geluk ook aan mnr Nico Basson wat die o. 16’s se afrigter was.

Die volgende seuns is vir die VKB SA Plattelandspan gekies: Hanno Britz, Du-Juan du Toit, Nicholas Grobler (almal o. 16), Anru Cronjé, Mika Lubbe, Jaedon de Leeuw, Tian Pretorius (almal o. 19). Jaedon de Leeuw is ook vir die 7’s-span gekies.

Die volgende spelers is vir die Blou Bulle se provinsiale spanne gekies: Malusi Mahlangu (o. 15B-Rhinospan), Neil de Vleeschauwer (o. 16B-Noordvaalspan), Jahred Smit (o. 17A-provinsiale span), Joshua Smit (o.18-Akademiespan), Hilton Thomas (o. 18-Cravenweekspan). Geluk ook aan mnr Christiaan van der Merwe wat as hulpafrigter by die o. 16-Grant Khomo-span betrokke was.

Ons het verlede week as gashere opgetree vir die toerspanne van St. Edmund's College (Engeland). Die o. 14's het die wedstryd 22 – 0 gewen en die o. 15's het met 39 – 29 geseëvier.

Die Blou Bulle-Afdeling 2-finaal het die afgelope Saterdag tuis plaasgevind. Die uitslae is soos volg:

| Span | Opponente | Telling |
|---|---|---|
| o. 14A | Centurion | 10 – 12 |
| o. 15A | Centurion | 17 – 21 |
| o. 16A | Pretoria-Noord | 46 – 5 |
| 1ste | Overkruin | 49 – 3 |

Vir die eerste keer in ons geskiedenis speel al vier spanne eerskomende Saterdag in die kwalifiserende rondte van die Noordvaalbeker:

- o. 14A vs. Frikkie Meyer in Thabazimbi
- o. 15A vs. Ben Viljoen in Groblersdal
- o. 16A vs. Wagpos in Brits
- 1ste span vs. Frikkie Meyer in Thabazimbi

## BERGFIETSRY

32 Midstreamers het verlede week aan die ligaresies by Curro Serengeti deelgeneem. Fietsryers wat in die top-15 van hul ouderdomsgroepe geëindig het, was:

| Ouderdom | Fietsryer | Uitslag |
|---|---|---|
| Sub-Junior seuns | Wiehan Visser | 6de |
| Jeug 15-seuns | Xandré Pretorius | 11de |
| Jeug 17-seuns | Sebastian Bruyns | 6de |
| Jeug 17-seuns | Ruben Bruyns | 14de |
| Junior mans | Pieter van Eeden | 14de |
| Jeug 16-meisies | Jané Male | 6de |
| Jeug 16-meisies | Sarah Heher | 3de |
| Jeug dames | Lucy Carroll | 3de |

## LANDLOOP

'n Interprovinsiale byeenkoms het die afgelope Saterdag in Groblersdal plaasgevind. Baie geluk aan Xavier van der Leek (seuns o. 17) wat 3de en Rupert Groenewald (seuns o. 14) wat 2de geëindig het.

## SOKKER

Ons 1ste span het die afgelope Saterdag aan 'n toernooi by Curro Thatchfield deelgeneem. Ons eindig 3de deur Greenside (1 – 0) in die uitspeelwedstryd te klop.

## SAGTEBAL

Uitslae van die sagtebaldag verlede week te Pretoria-Noord:

| Span | AHMP | Eldoraigne | Overkruin | Pretoria-Noord | Centurion | Oos-Moot | Akasia |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| o. 14A | | 12 – 12 | 6 – 9 | | | | |
| o. 14B | 2 – 14 | 6 – 8 | | | | | |
| o. 14C | 9 – 9 | | | | | | |
| o. 15A | 7 – 12 | | | | | 6 – 12 | |
| o. 15B | | | | | 2 – 8 | 5 – 6 | |
| o. 16A | | | | | 6 – 10 | | 6 – 6 |
| o. 16B | | | | | 3 – 10 | 5 – 6 | |
| o. 19A | | | 6 – 6 | | 0 – 9 | | |
| o. 19B | | | | 9 – 4 | | 2 – 8 | |
| o. 19C | | | | 6 – 6 | | | |

## MUURBAL

Gauteng-Noord-liga se uitslae:

| Span | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| Midstream Seuns 1 | Midstream 16A | 12 – 5 |
| | Menlopark 1 | 6 – 12 |
| | PBHS 1 | 10 – 8 |
| Midstream Seuns 2 | Menlopark | 9 – 6 |
| | PBHS | 16 – 2 |
| | Zwartkop | 16 – 0 |
| | Midstream 14B | 10 – 7 |
| Midstream Seuns 3 | Eldoraigne | 16 – 0 |
| | Eldoraigne B | 16 – 0 |
| | Menlopark | 11 – 8 |
| | Garsfontein | 10 – 6 |
| | PBHS | 16 – 2 |
| Midstream Seuns 16A | PBHS 1 | 8 – 11 |
| | Midstream 1 | 5 – 12 |
| | Menlopark 1 | 3 – 16 |
| Midstream Seuns 14A | Zwartkop B | 2 – 16 |
| | PBHS B | 12 – 8 |
| | Menlopark B | 6 – 9 |
| | Garsfontein B | 16 – 2 |
| | Eldoraigne A | 8 – 10 |
| Midstream Seuns 14B | Zwartkop B | 12 – 3 |
| | PBHS B | 12 – 4 |

| | | |
|---|---|---|
| | Menlopark B | 12 – 7 |
| | Midstream B | 7 – 10 |
| Midstream Meisies 1 | Zwartkop 1 | 16 – 0 |
| | Menlopark 1 | 16 – 0 |
| Midstream Meisies 2 | Menlopark C | 16 – 0 |
| | Menlopark D | 16 – 0 |
| | Eldoraigne | 16 – 1 |
| | St Mary's DSG | 16 – 0 |
| | Menlopark B | 13 – 4 |

Ons is baie trots daarop dat ons so goed gevaar het en die meeste ligas ooit gewen het.

**MEISIES A-LIGA**

- 1ste – Midstream A (Awande Malinga, Elzandri Janse van Rensburg, Anushka Janse van Rensburg, Namratha Eswari Niranjan)

**MEISIES B-LIGA**

- 1ste – Midstream B (Cassey Kemp, Amelia Lubbe, Kathleen de Kock, Kaleigh Reddy)

**SEUNS A-LIGA**

- Uitslae uitstaande

**SEUNS B-LIGA**

- 3de – Midstream C (Martin de Koning, Hayden Davy, Nathaniel van Deventer, Johan Swiegers)

**SEUNS C-LIGA**

- 1ste – Midstream D (Andrew Conley, Reabetswe Banda, John Conley, Jordan Sathyanandam)
- 2de – Midstream E (Stefan Verster, Lukas Combrinck, Edrique Laubscher, Henry du Preez)

**SEUNS D-LIGA**

1ste – Midstream F (Vaughn Rowlands, Joaquim Nelson, Sinjon Rowlands, Andrew Botha, Marco van der Westhuizen)

## RUITERSPORT

Jodi Slade het Gauteng tydens die vakansie in die SA Jeugkampioenskap verteenwoordig. Met haar Eventing-item eindig sy derde in haar klas, terwyl haar span eerste geëindig het.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

**Bergfiets**

Baie geluk aan Pieter van Eeden en Robért Ford wat in die Julievakansie aan die Berg and Bush-skolekompetisie deelgeneem het. Hulle het die Bushbaby Hoërskole-spankompetisie gewen. Hulle eindig onderskeidelik 4de en 5 de algeheel.

Nika Nortjé is vir die Gauteng XCO MTB-span gekies wat die afgelope naweek aan die SA kampioenskap te Pietermaritzburg deelgeneem het. Sy was algeheel 3de in haar ouderdomsgroep. Welgedaan!

**Stoei**
Rohan du Plessis is in die SA span ingesluit wat van 30 Julie tot 14 Augustus in Turkye by die o. 17-Wêreldkampioenskap gaan deelneem. Baie geluk!

**Judo**
Ons is trots op Marco van der Westhuizen wat in Augustus aan die Statebond-kampioenskap in Gqeberha gaan deelneem.

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST




**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 10 Augustus 2023